



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL:** Indien punte in die nasienriglyn toegeken word vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is (maks. -2 per V).
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **LET WEL:** Kontroleer bewerking, moet +, -, x, ÷, soos die kandidaat se bewerking of per nasienriglyn wees.
11. In berekeninge, moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle. Dui aan d.m.v. ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Finansiële bates ✓	
	1.1.2	Onafhanklike ouditeur ✓	
	1.1.3	Kapitaal aangewend ✓	
	1.1.4	Bedryfslaste ✓	
			4

1.2.1 Bereken wins/verlies met verkoop van voertuig.

BEWERKINGS	ANTWOORD	
148 000 x 15/100 x 9/12 = 16 650 ✓		
148 000 – 16 650 = 131 350		
125 500 ✓ – 131 350 ✓ <input checked="" type="checkbox"/>	5 850 <input checked="" type="checkbox"/> een deel korrek	4

1.2.2 Bereken die waarde van eindvoorraad van elektriese proppe deur die geweegegemiddelde-metode te gebruik.

BEWERKINGS	ANTWOORD	
$\frac{(174\,400 + 501\,400 + 440\,000 - 21\,800)}{(800 + 2\,300 + 2\,000 - 100)} \checkmark \checkmark^*$		
=218,8 x 1 250	273 500 <input checked="" type="checkbox"/> moet met 1 250 x	5

*Een deel korrek

- 1.2.3 Gebruik die tabel wat verskaf word om die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 te bereken. Dui '+' vir vermeerdering en '-' vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan.**

	BEWERKINGS	ANTWOORD
	Verkeerde netto wins voor belasting	3 825 850
(i)	Verlies met verkoop van bate	- 5 850 <input checked="" type="checkbox"/> sien 1.2.1
(ii)	Waardevermindering (16 650 <input checked="" type="checkbox"/> + 6 750 ✓)	- 23 400 <input checked="" type="checkbox"/> *
(iii)	Voorsiening vir oninbare skulde - aansuiwering (30 450 – 27 950)	+ 2 500 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *
(iv)	Donasie (12 000 x 100/80)	- 15 000 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *
(v)	Advertensies (18 600 ✓ / 6 x 2 ✓)	+ 6 200 <input checked="" type="checkbox"/> *
(vi)	Oninbare skulde verhaal	+ 4 500 ✓
(vii)	Huur inkomste (216 000 + 8 000) x 105/1120	- 21 000 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *
	Inkomstebelasting (870 000 + 130 000)	- 1 000 000 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *
	Korrekte netto wins na belasting	2 773 800 <input checked="" type="checkbox"/> *

17

* een deel korrek

1.2.4 Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2025.

BATES	
NIEBEDRYFSBATES	
Vaste bates (3 022 400 + 180 000 ✓ - 131 350 <input checked="" type="checkbox"/> - 23 400 <input checked="" type="checkbox"/> <small>sien DW in 1.2.1 sien waardevermin. in 1.2.3</small>	3 047 650 <input checked="" type="checkbox"/> *
Finansiële bates	
BEDRYFSBATES (1 902 930 x 2)	3 805 860 <input checked="" type="checkbox"/> *
Voorrade (1 620 000 + 273 500 <input checked="" type="checkbox"/> + 15 200 <input checked="" type="checkbox"/> - 15 000 <input checked="" type="checkbox"/> <small>sien 1.2.2 sien donasies</small>	1 893 700 <input checked="" type="checkbox"/> *
Handels- en ander ontvangbares (688 200 + 10 550 ✓ - 27 950 ✓ + 6 200 <input checked="" type="checkbox"/> sien advertensies) <small>Sien 1.2.3(iii)</small>	677 000 <input checked="" type="checkbox"/> *
Kontant en kontantekwivalente # balanseerende syfer	1 228 960 <input checked="" type="checkbox"/> *
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
Aandeelhoudersbelang	7 877 800 <input checked="" type="checkbox"/> *
Gewone aandelekapitaal	5 800 000
Behoue inkomste (384 000 + 2 773 800 <input checked="" type="checkbox"/> sien NWNB - 36 000 ✓ - 1 044 000 ✓)	2 077 800 <input checked="" type="checkbox"/>
NIEBEDRYFSLASTE	514 770
Lening (720 000 – 205 230 ✓✓) *enige syfer afgetrek	514 770 <input checked="" type="checkbox"/> *
BEDRYFSLASTE	1 902 930 <input checked="" type="checkbox"/> *
Handels- en ander betaalbares (896 150 + 10 550 ✓ + 21 000 <input checked="" type="checkbox"/> <small>sien Huur</small>	927 700 <input checked="" type="checkbox"/> *
Huidige deel van lening/korttermynlening (sien NBL)	205 230 <input checked="" type="checkbox"/>
SAID (Inkomstebelasting)	130 000 ✓
Aandeelhouders vir dividende (1 044 000 – 404 000)	640 000 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

* een deel korrek (sluit nie die vooraansuiweringsbedrag gedruk in nie)

TOTALE PUNTE**60****30**

VRAAG 2

2.1.1 LUBANZI BPK.
GEWONE AANDELEKAPITAAL

760 000	Uitgereikte aandele aan die begin	3 800 000
150 000 ✓	Aandeel gedurende die jaar uitgereik balanseerende syfer	3 480 000 <input checked="" type="checkbox"/>
(60 000) ✓ ignoreer hakies	Aandele teruggekoop @ R8 per aandeel	(480 000) ✓
850 000 <input checked="" type="checkbox"/> kontroleer bewerking	Uitgereikte aandele aan die einde @ R8 ✓ per aandeel	6 800 000 <input checked="" type="checkbox"/> een deel korrek

7

2.1.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2025

KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIVITEITE	
Kontant uit bedrywighede voortbring	
Rente betaal	
Belasting betaal (49 800 ✓ – 497 400 ✓✓ + 52 500 ✓) tekens kan omgekeer word; merk een opsie deurgans	(395 100) <input checked="" type="checkbox"/> *
Dividende betaal (182 000 ✓ + 198 000 ✓)	(380 000) <input checked="" type="checkbox"/> *
KONTANTGEVOLGE VAN BELEGGINGSAKTIVITEITE	
Opbrengs uit verkoop van vaste bates	60 800 <input checked="" type="checkbox"/> *
Aankoop van vaste bates (5 040 600 ✓ - 196 700 ✓ - 60 800 <input checked="" type="checkbox"/> - 5 445 900 ✓) tekens kan omgekeer word; merk een opsie deurgans	(662 800) <input checked="" type="checkbox"/> *
Belegging verval	180 000 ✓
KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIVITEITE	
Opbrengs uit die verkoop van aandele sien 2.1.1	3 480 000 <input checked="" type="checkbox"/> *
Fondse gebruik vir terugkoop van aandele	600 000
Lening (4 255 000 – 3 840 000) OF (890 500 – 475 500)	(415 000) ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *
NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	1 244 300 <input checked="" type="checkbox"/> * bewerking
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar (119 500 – 419 800)	(300 300) ✓ <input checked="" type="checkbox"/>
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	944 000 ✓

22

* een deel korrek en die korrekte vloei van kontant aangedui

2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2025:

2.2.1 Bedryfsverhouding

BEWERKINGS	ANTWOORD
$4\,180\,200 \checkmark : 1\,678\,900 \checkmark$	$2,5 : 1 \quad \checkmark^*$ een deel korrek; x:1

3

2.2.2 Dividende per aandeel (in sent)

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\begin{array}{rcl} 182\,000 \times 100 & + & 212\,500 \times 100 \\ 910\,000 & & 850\,000 \\ = 20c \checkmark & & + 25c \checkmark \end{array}$	$45 \text{ cents} \quad \checkmark^*$ een deel korrek aanvaar 0.45 / R0.45; aanvaa sent indien nie aangedui

3

2.2.3 Voorraadomsetsnelheid

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\begin{array}{r} (5\,950\,000 - 2\,700\,000) \\ 3\,250\,000 \checkmark\checkmark \\ \hline \frac{1}{2} (1\,120\,900 \checkmark + 970\,100 \checkmark) \\ 1\,045\,500 \text{ twee punte} \end{array}$	$3,1 \text{ keer} \quad \checkmark^*$ een deel korrek

5

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 3

3.1 Dividende, verdienste en opbrengste:

In 2025 het die direkteure besluit om die beleid oor die verdeling van winste in die vorm van dividende te verander.

- Doen 'n berekening om die beleidsverandering aan te dui.

2024

2025

$$\frac{89}{101} \times 100 = 88,1\% / 88\% \checkmark$$

$$\frac{60}{112} \times 100 = 53,6\% / 54\% \checkmark$$

2

- **Lewer kommentaar oor die effek van hierdie beleidsverandering op die maatskappy. Noem TWEE punte.**

Twee geldige punte ✓✓ ✓✓

- Fondse is behou vir toekomstige uitbreiding.
- Aandeelhouders sal in die toekoms bevoordeel word aangesien fondse opsy gesit is.
- Dit is gedoen om die kontantvloei van die onderneming te beskerm.

4

3.2

Die maatskappy se HUB, Iris Chris, wil goeie nuus aan die aandeelhouders deel by die AJV. Gee raad oor wat hy oor die volgende onderwerpe moet sê:

- **% opbrengs verdien:**

Syfers en tendens ✓ Vergelyk met alternatiewe beleggings ✓✓

OOAHB het van 12,9% tot 19,1% met 48%/6,2% punte gestyg.
OOAHB is hoër as rente op alternatiewe beleggings van 7,5%, toon beter belegging in die maatskappy.

3

- **Verdienste per aandeel:**

Syfers en tendens ✓ kommentaar oor winsgewendheid ✓

VPA het van (101c tot) 112c/ met 11c gestyg
Dit dui op 'n toename in die winsgewendheid van die maatskappy.

2

- **Aandeelprys op die JSE:**

Vergelykong van markprys met NBW per aandeel ✓✓
Kommentaar ✓✓

MP het van 425c tot 885c / met 460c gestyg / dit is bo die NBW van 675c / met 210c.

Kommentaar:

beleggers is bereid om meer te betaal vir die aandele/ aandele is in
aanvraag/ toon beleggersvertroue in die maatskappy/ maatskappy toon
groei wat die markprys positief beïnvloed het.

4

3.3 Finansieringstrategieë en hefboom:

- **Lewer kommentaar oor die mate van risiko en hefboomfinansiering van die maatskappy.**

Twee finansiële aanwysers ✓✓ syfers en tendens ✓✓ Kommentaar ✓✓

- Skuld-ekwiteitverhouding het afgeneem/verbeter (van 0,5:1) tot 0,27 : 1. Die graad van risiko is laag.
- OOTKA het van 16% tot 20,2% met 4,2% punte gestyg. OOTKA is bo rente op lening van 13% / maatskappy het positiewe hefboomfinansiering.

6

Die direkteure beplan om nuwe vaste bates te bekom om maatskappybedrywighede in die volgende finansiële jaar uit te brei.

- **Sommige direkteure is van mening dat die aangaan van 'n addisionele lening 'n beter keuse is as om addisionele aandele uit te reik. Verduidelik hoekom hulle so voel. Noem DRIE punte.**

Drie geldige punte ✓✓ ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir onduidelike/gedeeltelike antwoorde

- Skuld-ekwiteitsverhouding van 0,27 : 1 wys dat die besigheid steeds lae risiko het/ kan steeds fondse leen.
- Fondse is geredelik by die bank beskikbaar sonder om die huidige aandeelhouders se belange af te water deur meer aandele uit te reik.
- OOTKA is hoër as rentekoers op lenings - wat die effektiewe gebruik van lenings aandui.
- Lening en rente sal stop wanneer dit afbetaal word in vergelyking met dividende op aandele wat vir ewig aanhou, solank daar aandeelhouders in die maatskappy is.

6

3.4 Aandelekapitaal en % aandeelhouding: Verwys na inligting B

Lihle en Sono het besluit dat hulle hul stemme in die volgende algemene jaarvergadering (AJV) wil saamvoeg.

- **Verduidelik met syfers waarom hulle hierdie besluit sou neem.**

Verduideliking ✓✓ Syfers ✓✓

Hulle wil meerderheidsaandeelhouders word/Kry duidelike beheer oor die maatskappy/Meer invloed op besluitneming. ✓✓

$$\frac{552\,000 + 672\,000}{2\,400\,000} \times 100 = 51\% \quad \checkmark\checkmark$$

4

- **As 'n bestaande aandeelhouer in die maatskappy, verduidelik hoekom jy bekommerd sal wees oor hul besluit. Noem TWEE punte.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onduidelike of gedeeltelike antwoorde

- Of hul motiewe nie korrup is nie of vir hul eie persoonlike gewin.
- Het hulle ondervinding en vaardighede om die maatskappy te bevoordeel in hul besluitneming.
- Uitwerking op die maatskappy as een van hulle staak met die koalisie/ moontlikheid van onstabiliteit in die maatskappy/of hulle die huidige span direkteure wat in sleutelposisies dien, sal ondersteun.

4

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1	4.1.1	B ✓	
	4.1.2	C ✓	
	4.1.3	A ✓	

3

4.2 Verskillende partye sal belangstel in die finansiële state van 'n maatskappy en sy auditmening.

Noem enige TWEE van hierdie partye en verduidelik hoekom hulle sou belangstel.

Enige TWEE partye ✓✓ Verduideliking vir elk ✓✓

Voornemende beleggers - Om beleggings te maak

Uitleners - Om te sien of die maatskappy solvent is en die sekuriteit vir hullenings.

Verskaffers - Om te sien of verskuldigde bedrae betaal kan word

SAID - Vir akkurate berekening van belasting betaalbaar

Mededingers - Om handelsresultate te vergelyk

Vakbonde - Vir loononderhandelinge en werksekerheid

Direksie - Om toegang tot prestasie te verkry

Regering - Vir statistiese inligting

Registrateur van maatskappye (KMIE) - Om nakoming van wetgewing na te gaan

4

4.3 (a) **Verduidelik die verskil tussen die rolle wat die uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure in 'n maatskappy vervul.**

Verduideliking van:

Uitvoerende direkteure ✓✓	Nie-uitvoerende direkteure ✓✓
Is betrokke by die daaglikse bestuur van die maatskappy.	Hulle dien 'n wagbondrol om: <ul style="list-style-type: none"> • die belegging van aandeelhouers te beskerm • om uitvoerende direkteure aanspreeklik te hou vir hul besluite • om die werk van die uitvoerende direkteure na te gaan en aan die direksie verslag te doen. Objektiewe oordeel oor die kwessies.

4

(b) **Verduidelik jou kommer as aandeelhouer in die maatskappy oor die HUB se optrede.**

Enige EEN geldige punt ✓✓

Botsing van belange – Die HUB het besigheidshulpbronne vir sy gewin gebruik/Korrupsiedaad/Het finansiële verlies vir die maatskappy veroorsaak deur sy optrede/Versuim om sy plig na te kom om nie voordele van derde partye te aanvaar nie.

2

(c) **Watter implikasies sal dit op die HUB hê. Noem TWEE punte.**

TWEE geldige punte ✓✓

- Kan uit die amp gestem word.
- Slegte reputasie en geloofsbriewe.
- Kan dissiplinêre aksie in die gesig staar.

2

TOTALE PUNTE

15

TOTAAL: 150